## Rassevermenging aan die Kaap

**H.F. Heese,** ***Groep Sonder Grense: Die Rol en Status van die Gemengde Bevolking aan die Kaap, 1652 – 1795***
Pretoria Boekhuis, Pretoria, 2005
160 pp
ISBN 1 86919 057 2
R99.95

Hierdie studie (die tweede druk van die uitgawe van 1985) bespreek een van die kardinale aspekte in die geskiedenis van inter-volkereverhoudings aan die Kaap, naamlik rassevermenging en die wyse waarop die betrokkenes en hulle nageslag in die samelewing tereggekom het. Die uitgawe van 1985 het 'n opskudding onder veral die regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke arena veroorsaak. Die rede hiervoor is dat die veronderstelling dat blanke Suid-Afrikaners, en in besonder Afrikaners, van feitlik suiwer Europese herkoms sou wees, hiermee finaal onwaar bewys is.

Die studie berus op deeglike argivale navorsing wat onder meer in Nederland gedoen is. Die eindresultaat is 'n wetenskaplike analise van volkereverhoudings tydens die eerste anderhalf eeu van die Kaapse geskiedenis. Hoewel die studie 160 bladsye beslaan, is die eintlike teks slegs 89 bladsye lank – die res bestaan uit drie addenda (bylae) waarin honderde gemengde huwelike getabelleer word. Die skrywer het rassevermenging tot in die fynste besonderhede genealogies uitgepluis en kom tot die slotsom dat die status wat 'n persoon aan die Kaap geniet het, nie deur genetiese afkoms, stand, geloof of bloed bepaal is nie, maar dat kulturele identifikasie eerder as rasseklassifikasie, 'n gekleurde tot die wit groep toegelaat het.

Dit is te hope dat *Groep Sonder Grense* nou uiteindelik die nismark sal vind waarvoor dit in die eerste plek geskryf is, naamlik vir historici, genealoë en sosioloë sonder politieke agendas. Ook vir diegene wat meer van hulle voorsate se "rasse-suiwerheid" te wete wil kom, is hierdie studie 'n eersteklas naslaanwerk.

J.C.H. Grobler
Pretoria